

SAFLII Note: Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and [SAFLII Policy](#)

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saaknommer : 2993/2012

In die saak tussen:-

P[...] **J[...] **V[...] **A[...]******

Eiseres

en

J[...] **P[...] **V[...] **A[...]******

Verweerder

CORAM:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

5 MEI 2014

[1] Hierdie is 'n egskeidingsgeding waarin eiseres die volgende regshulp teen verweerder vorder:

“1. 'n Bevel van egskeiding;

2. Onderhoud vir eiseres op die volgende basis:

2.1 'n Maandelikse onderhoud van R30 000-00 per maand tot haar dood, hertroue of samewoning met 'n ander man;

2.2 Dat verweerder aanspreeklik sal wees vir alle redelike

mediese-, tandheelkundige- en oogkundige kostes van die eiseres tot haar dood, hertroue of samewoning met 'n ander man;

2.3 Dat verweerder aan eiseres beskikbaar stel vir bewoning tot haar dood, hertroue of samewoning met 'n ander man 'n woonhuis ten bedrae van R1 300 000-00 te Bloemfontein.

3. Koste van die geding.”

[2] In sy teeneis het verweerder 'n bevel van egskeiding gevorder en dat eiseres gelas word om die koste van die geding te betaal.

[3] By die aanvang van die verhoor het Mnr van Niekerk, namens eiseres, aangedui dat die geskilpunte tussen die partye in wese behels die vraag of eiseres geregtig is op onderhoud en indien wel, vir welke termyn asook die omvang daarvan. Nadat Mnr van Niekerk sy openingsbetoog gelewer het, het Mnr de Bruyn, namens verweerder, aangetoon dat verweerder nie betwis dat hy onderhoudspligtig jeens eiseres is nie. Die termyn en die omvang van die onderhoud is egter steeds in dispuut.

[4] Die partye is met mekaar getroud op 16 Februarie 2002 te Johannesburg, buite gemeenskap van goedere en met uitsluiting

van die aanwasbedeling. Die huweliksertifikaat is ingehandig as bewysstuk "A".

[5] In terme van eiseres se besonderhede van vordering is die onherstelbare huweliksverbrokkeling teweeggebring deur die volgende redes:

5.1 Verweerder het 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop en weier om daarvan afstand te doen.

5.2 Verweerder verneder en verkleineer eiseres.

5.3 Verweerder het eiseres versoek om die gemeenskaplike woonhuis te verlaat.

5.4 Verweerder het eiseres meegedeel dat hy nie belangstel in die voortsetting van die huweliksverhouding nie en 'n egskeiding verlang.

In sy verweerskrif het verweerder erken dat hy 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop het, maar het hy gepleit dat hy dit aangeknoop het nadat die huweliksverhouding tussen die partye reeds onherstelbaar verbrokkel het. Aldus sy teeneis is die onherstelbare huweliksverbrokkeling teweeggebring deur die volgende feite en omstandighede:

- “3.1 Deurdat die eiseres voortdurend met die verweerder rusie maak;
- 3.2 Deurdat die eiseres dominerend, baasspelerig en aggressief is en deurentyd poog om die verweerder se sake en in die besonder sy besigheid oor te neem, te beheer en te bestuur;
- 3.3 Deurdat die eiseres onredelik teenoor die verweerder optree;
- 3.4 Deurdat die eiseres weier om die verweerder se kinders of familie te aanvaar, hulle voortdurend verneder, rusie met hulle maak en ‘n verwydering tussen die verweerder en sy kinders en familie probeer bewerkstellig.
- 3.5 Deurdat die eiseres geen liefde en toegeneentheid teenoor die verweerder se kinders getoon het nie. Gevolglik was daar geen goeie en opbouende verhouding tussen die eiseres en die verweerder se kinders nie wat ‘n direkte negatiewe effek op die harmonie in die huwelik gehad het.
- 3.6 Deurdat die eiseres nie in staat was om die verweerder redelike en normale huweliksvoorregte te bied nie.
- 3.7 Deurdat die eiseres onredelik en aggressief teenoor die verweerder se werknemers opgetree het tot so ‘n mate dat die werknemers by meerdere geleenthede gestaak het en gedreig het om te bedank.
- 3.8 Deurdat die Eiseres sekere werknemers bo ander voorgetrek het wat tot gevolg gehad het dat die verhouding tussen die werknemers onderling en tussen werknemers en bestuurders daardeur benadeel is wat ‘n direkte invloed op die verweerder

se besigheid gehad het.”

- [6] Beide eiseres en verweerder het getuienis gelewer. Verder het Mev Susan van Jaarsveldt, ‘n bedryfsielkundige, deskundige getuienis namens eiseres aangebied met betrekking tot haar assessering van eiseres wat betref haar kanse om ‘n betrekking te bekom en haar verdienvermoë.
- [7] Eiseres en verweerder het omvangryke getuienis gelewer. Hoewel ek dit deeglik bestudeer het, is ek nie voornemens om dit hierin te herhaal nie. Ek sal tersaaklike aspekte daarvan verwys soos en wanneer nodig. Ek gaan nou slegs in breë trekke ‘n geheelbeeld van die verloop van die partye se lewe gee.
- [8] Eiseres was 32 jaar oud toe sy en verweerder ontmoet het. Verweerder was wel voorheen getroud, maar was die huidige huwelik eiseres se eerste huwelik. Eiseres het matriek geslaag en beskik oor ‘n kredietdiploma in bankwese. Sy het ook sekere kursusse deur middel van Absa bygewoon en het sy slegs twee vakke gekort vir ‘n gevorderde kredietdiploma op die stadium wat sy bedank het. Verweerder het gedurende 1987 betrokke geraak by Pick n Pay, waar hy aanvanklik as leerling bestuurder

werksaam was en na baie verplasings eventueel teruggekeer het na Bloemfontein en die Vrystaat Streeksbestuurder van Pick n Pay geword. Nadat Pick n Pay se kantore te Bloemfontein toegemaak het, het verweerder na Johannesburg verhuis. Die partye het sedert ongeveer 2001 as man en vrou saamgewoon. Toe verweerder na Johannesburg getrek het, het eiseres 'n oorplasing by Absa verkry. Gedurende 2003 het hulle na Vryburg verhuis. Daar het verweerder die "*franchise*" verkry vir 'n Pick n Pay familie supermark, welke hy toe geopen het. Die besigheid is die eiendom van Luhane Trading (Edms) Bpk. Die aandele in die maatskappy setel in die H[...] & T[...] Trust. Die P[...] Trust is die kapitaal en inkomstebegunstigde van die H[...] & T[...] Trust. Eiseres, verweerder en verweerder se kinders is die begunstigdes van die P[...] Trust. Eiseres en verweerder was gesamentlik by die bestuur van die besigheid betrokke. Volgens eiseres het sy 'n verskeidenheid van kursusse deurloop ten einde haar werksverpligtinge in die besigheid te kon verrig. Sy was administratiewe bestuurderes en volgens haar was sy verantwoordelik vir salarisse, debiteure, krediteure, hoofkantoorvergoeding, kliënte- en personeelklagtes, die bestuur van voedsel en higiëne en in effek, volgens haar, die algemene bestuurder. Sy het 'n salaris vanaf die besigheid ontvang.

Aanvanklik het beide eiseres en verweerder 'n maandelikse salaris van R8 000-00 uit die besigheid ontvang. Die besigheid is opgebou met die verloop van tyd en op die stadium wat eiseres en verweerder uitmekaar is, gedurende Junie 2012, het beide sy en verweerder R40 000-00 per maand as salaris uit die besigheid ontvang. Eiseres se salaris is deurentyd in verweerder se bankrekening gedeponeer. Volgens eiseres was die besigheid 'n groot sukses wat winsgewendheid betref.

- [9] Eiseres het getuig dat hulle 'n luukse leefstyl gehandhaaf het. Hulle het 'n moderne huis te Vryburg aangekoop in verweerder se naam wat bestaan uit 4 slaapkamers, 3 badkamers, studeerkamer en 1 gastetoilet. Die binneversiering van die huis is van die beste en die partye het ook die kombuis oorgedoen en gemoderniseer. Verder beskik verweerder ook oor nog 'n huis in Vryburg te De Waalrylaan waar sy broer Jurie woonagtig is. Die P[...] Trust beskik oor 'n huis te Molopoweg in Vryburg waar die besigheid se slaghuisbestuurder woonagtig is. Die slaghuisbestuurder betaal R5 000-00 per maand ten opsigte van die huur van die huis en die besigheid betaal R5 000-00.

Verweerder is 'n groot liefhebber van Khoi-visse. Eiseres het ook

hieromtrent 'n beeld geskets dat daar baie geld deur Verweerder aan die visse spandeer is. Verweerder het onder andere gedurende 2012 na Japan gegaan om visse te gaan koop en het hy ongeveer R200 000-00 hieraan spandeer. By hulle huis is die swembad ook in 'n Khoi-dam omskep, met die gepaardgaande onkoste daarvan.

Verweerder is ook 'n BMW-motorfiets liefhebber en is hy president van die plaaslike motorfietsklub. Hy onderneem gereeld naweek-uitstappies.

Verweerder was ook lief om te jag en het hy volgens eiseres ook baie geld hieraan spandeer, terwyl verweerdervan hierdie uitgawes ontken het. Eiseres en verweerder het ook gereeld op luukse vakansies en naweek-uitstappies gegaan.

- [10] In die algemeen gesproke het eiseres die huwelik as 'n gelukkige huwelik bestempel. So onlangs as 6 Mei 2012 het verweerder 'n Mercedes-Benz voertuig aan eiseres gegee as 'n verjaarsdag geskenk. Hoewel die krediettransaksie ten opsigte van die voertuig in haar naam geregistreer is, het verweerder die paalemente betaal. Gedurende Julie 2012 het verweerder egter

vir eiseres meegedeel dat hy 'n egskeiding verlang. Dit was nadat hy 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop het met Mev N[...] R[...] ("Mev R[...]") wie op daardie stadium te Margate woonagtig was. Hulle is tans steeds in 'n verhouding en het Mev R[...] en haar kinders intussen na Vryburg verhuis en is hulle by verweerder woonagtig. Mev R[...] en haar kinders is groot perde liefhebbers en neem ook aan perdesport deel. Dit het tot gevolg gehad dat verweerder geld begin spandeer het aan perde, perdebenodighede en aanverwante onkoste en self ook begin perdry het.

- [11] Vanweë voormelde omstandighede was eiseres verplig om die besigheid te verlaat en het sy na Bloemfontein verhuis. Wat haar verdienvermoë betref het sy getuig dat sy graag haar eie besigheid sal wil hê. Verdermeer het sy 'n besering op haar L4- en L5-werwels en kan sy nie lank staan of lank loop nie. Indien sy in staat sou wees om 'n pos by Pick n Pay te Bloemfontein te bekom, sal dit 'n klerkpos wees en nie 'n bestuurspos nie. Dit sal derhalwe 'n salaris van ongeveer R6 000-00 tot R7 000-00 per maand as inkomste teweegbring.

- [12] Eisere het getuienis aangebied met betrekking tot haar verwagte

maandelikse uitgawes aan die hand van 'n dokument wat vervat is in die verhoorbundel, bewysstuk "B", p. 1. Die totaal van hierdie verwagte uitgawes beloop 'n bedrag van R35 658-00. Ingesluit by hierdie verwagte uitgawes was huurgeld ten opsigte van 'n huis of 'n meenthuis ten bedrae van R10 000-00. Sy het getuig dat dit die huurgeld is van 'n meenthuis of 'n huis van die standaard waaraan sy gewoon was om te bly. Sy het voorts getuig dat sy egter sal verkies om 'n eiendom te koop, anders het dit tot gevolg dat sy waarskynlik voortdurend sal moet trek wat weer verdere onkoste teweegbring. In die verband het sy navraag gedoen ten opsigte van 2-slaapkamer meenthuse van die standaard waarin sy belangstel en beloop die koste daarvan ongeveer R1 300 000-00.

- [13] Mev van Jaarsveldt het na assessering van eiseres en haar kwalifikasies tot die gevolgtrekking gekom dat dit haar waarskynlik 12 tot 18 maande sal neem om 'n permanente betrekking te bekom. Gegewe haar kwalifikasies en ondervinding sal sy waarskynlik slegs 'n administratiewe of 'n klerikale betrekking kan beklee waarvan die gemiddelde salaris per jaar tussen R16 400-00 en R120 000-00 kan beloop.

- [14] Verweerder het ook getuienis aangebied met betrekking tot faktore

wat tot gevolg het dat die besigheid sedert die stadium wat eiseres dit verlaat het, finansieel begin swaarkry het en voorsien hy dat dit in die toekoms nog verder sal versleg.

TERSAAKLIKE REGSBEGINSELS:

[15] Die betaling van onderhoud aan 'n gade by egskeiding is deur wetgewing geskep. In die verband bepaal Artikel 7(2) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979, as volg:

“7(2) By ontstentenis van 'n bevel gegee kragtens sub-artikel (1) met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander kan die Hof, met inagneming van die bestaande of verwagte vermoëns van elk van die partye, hulle onderskeie verdienvermoëns, finansiële behoeftes en verpligtinge, die onderhoud van elk van die partye, die duur van die huwelik, die lewenspeil van die partye voor die egskeiding, hulle gedrag vir sover dit op die verbokkeling van die huwelik betrekking het, 'n bevel ingevolge sub-artikel (3) en enige ander faktor wat na die oordeel van die Hof in aanmerking geneem behoort te word, 'n bevel gee wat die Hof billik ag met betrekking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk deur die dood of hertroue van die party ten gunste van wie die bevel

gegee is, na gelang die een of die ander eerste plaasvind.”

- [16] Mnr van Niekerk het in sy betoog verwys na die welbekende uitspraak in BOTHA v BOTHA 2009 (3) SA 89 (B) par 42 en verder en daarop gewys dat die Hof by die oorweging van die betaling van onderhoud ‘n diskresie het om ‘n vasstelling daaromtrent te maak wat “just” is. Mnr van Niekerk het voorts betoog dat ten einde vas te stel wat in die onderhawige geval reg en billik is, moet die omstandighede tussen eiseres en verweerder opgeweeg word.
- [17] In terme van voormelde Artikel 7(2) is die Hof geregtig om “enige ander faktor wat na die oordeel van die Hof in aanmerking geneem behoort te word” te oorweeg. Dit is aanduidend daarvan dat die Hof se diskresie in die verband absoluut is. SIEN GRASSO v GRASSO 1987 (1) SA 48 (C).
- [18] Wat betref die gewig wat aan ‘n party se wangedrag geheg moet word by die oorweging van onderhoud, is daar in BUTTNER v BUTTNER 2006 (3) SA 23 (SCA) op 37 A – G met hierdie aspek gehandel en kom die Hof tot die volgende gevolgtrekking:

“In the English Court of Appeal case of *Kyte v Kyte*, Purchas LJ

stated the following in relation to s 25(2)(g) of the English Statute:

‘The Court is entitled, in my judgment, to look at the whole of the picture, including the conduct of the parties.....which may or may not have contributed to the break-down of the marriage or which in some other way makes it inequitable to ignore the conduct of each of the parties. A clear example of such a case is where the parties may each not have been blameless (almost inevitably in the normal marriage) but where the imbalance of conduct one way or the other would make it inequitable to ignore the comparative conduct of the parties.’

I agree with this approach.... In essence, the misconduct of one or both of the parties must only be allowed to influence the outcome of the case where to disregard it would be unjust.” (Own emphasis)

[19] In ZWIEGELAAR v ZWIEGELAAR 2001 (1) SA 1208 (SCA), in besonder op 121F – I, het die Hoogste Hof van Appél bevind dat ‘n party se akkommodasie- of behuisingsbehoefte in gepaste omstandighede erken moet word as deel van sodanige party se redelike onderhoudsbehoefte.

[20] Alwaar ‘n trust gebruik word as die alter ego van ‘n party, kan die inkomste en/of bate van daardie trust in ag geneem word by die

oorweging van die vraag welke onderhoudsbevel billik sal wees. Sien JORDAAN v JORDAAN 2001 (3) SA 288 (C) te 299 G – 301 D; BADENHORST v BADENHORST 2006 (2) SA 255 (SCA).

TOEPASSING VAN DIE REGSBEGINSELS OP DIE FEITE:

[21] Na my mening blyk dit duidelik uit die totaliteit van die getuienis, soos deur Mnr van Niekerk ook betoog, dat die partye in wese soos vennote opgetree het in die besigheid. Beide het baie hard gewerk om die besigheid te vestig en beide partye het voordeel daaruit getrek. Eiseres het ook 'n groot rol hierin gespeel in haar bestuur van die besigheid. Die bydrae wat eiseres gemaak het was dus ook deel van dit wat tot gevolg gehad het dat die partye 'n bogemiddelde lewensstandaard kon handhaaf. Dit het so goed met die besigheid gegaan dat dit 'n lening van R6 000 000.00 in 4 jaar kon afbetaal.

[22] Aldus eiseres was die partye gelukkig getroud, hoewel verweerder nie saamstem nie. Uit die totaliteit van die getuienis meen ek egter dat dit blyk dat die partye in wese gelukkig getroud was. Na my mening blyk dit insgelyks duidelik dat as Mev R[...] nie in die prentjie gekom het nie, die partye waarskynlik steeds aldus

getroud sou gewees het. Verweerder het nog kort voor hulle uitmekaar is, duur geskenke vir eiseres gekoop. In die verband en met betrekking tot die Mercedes motor waarna ek in paragraaf 10 hierbo verwys het, het verweerder getuig dat hy en eiseres gedurende November 2011 dit bespreek het om 'n nuwe motor te koop, wat hy wel in Januarie 2012 gedoen het en wat toe gedurende Mei 2012 afgelewer is. Dan getuig hy as volg:

“Ek kon nie voorsien dat daar 'n breuk gaan kom nie, as ek geweet het dit gaan gebeur, sou ek nie die Mercedes gekoop het nie. “

Na my mening is dit dus duidelik hieruit dat indien verweerder nie 'n verhouding met Mev R[...] aangeknoop het nie, verweerder en eiseres steeds bymekaar sou wees. Ek stem dus met Mnr van Niekerk se betoog saam dat hierdie wangedrag van verweerder nie in hierdie bepaalde geval as 'n neutrale faktor in die verbokkeling van die huwelik beskou kan word nie. Ek neem egter ook in ag, soos deur Mnr de Bruyn betoog, dat die bedrag onderhoud en die termyn nie sodanig vasgestel moet word dat dit as strafmaatreël teen verweerder gebruik word omdat hy op 'n ander vrou verlief geraak het nie.

[23] Uit die getuienis van Mev van Jaarsveldt blyk dit dat eiseres se verdienvermoë beperk is. Daarenteen is die verdienvermoë van verweerder baie groot, veral gegewe dat hy die trusts as sy alter ego beskou. Dit blyk duidelik uit die getuienis dat eiseres in die toekoms geld uit die P[...] Trust gaan ontvang nie. Verweerder se huidige en toekomstige verdienvermoë oortref by verre dié van eiseres. Verweerder verdien duidelik sodanige hoë inkomste dat hy steeds 'n bogemiddelde lewenstandaard handhaaf. Die foto's in bewysstuk "C" is ook 'n reflektoring van hoe verweerder hierdie lewenstyl met Mev R[...] deel en geniet.

[24] Die perde en uitgawes ten opsigte van die perde het, op verweerder se eie weergawe, slegs in verweerder se lewe gekom as gevolg van die teenwoordigheid van Mev R[...]. Uit die getuienis blyk dit duidelik dat hy verstommende hoë bedrae aan uitgawes ten opsigte van perde spandeer het, soms self tot meer as R 100 000.00 per maand. In die verband het Mnr de Bruyn, op 'n vraag van myself, toegegee dat insoverre verweerder beweer dat hy nie die bedrag onderhoud kan bekostig wat eiseres vorder nie, daar beslis ruimte is dat hy op sy uitgawes kan afskaal deur onder andere minder op die perde te spandeer.

[25] Die netto wins van die besigheid vir die 2012 finansiële jaar, was ongeveer R1.2 miljoen, wat 'n gemiddelde inkomste van R100 000-00 per maand tot gevolg het. Dit is nog addisioneel tot die talle uitgawes van verweerder wat in ieder geval reeds elke maand deur die besigheid betaal word. Uit opsommings van finansiële syfers wat deur 'n administratiewe werknemer van verweerder self verskaf is, blyk dit duidelik hoe rojaal verweerder spandeer en leef. Op p. 278 van bewysstuk "B" word maande in 2012 uitgebeeld waar verweerder meer as R 500 000.00 per maand spandeer het; verdermeer in die meeste maande in ieder geval meer as R 100 000.00. Dit blyk onteenseglik en op verweerder se eie erkenning dat hy die besigheid as sy eie beskou en die trusts as sy alter ego en derhalwe die inkomste van die besigheid via die trust na homself kanaliseer.

Teen voormelde agtergrond is verweerder se getuienis dat hy nie 'n ekstra R10 000.00 kan bekostig om sodoende 'n R1 000 000.00 verband op die P[...] trust huis te neem om vir verweerderes 'n woning te koop nie, verregaande. Daarteenoor het hy ongeveer 'n week voor die verhoor meer as R30 000.00 betaal vir 'n kosmetiese borste operasie vir Mev R[...].

- [26] Op verweerder se eie weergawe spandeer hy gemiddeld meer as R100 000.00 per maand die afgelope twee jaar. Eiseres is 'n trustbegunstigde van die P[...] Trust. Regstegnies moet die R1.2 miljoen netto wins per jaar die P[...] trust toekom, welke inkomste danksy haar en verweerder se harde werk was. Mnr van Niekerk het dus betoog dat net uit 'n billikheidsoogpunt beskou, eiseres eintlik geregtig behoort te wees op die helfte van die inkomste, synde R760 000-00 per jaar. Desnieteenstande het verweerder haar nou totaal uitgesluit uit die ontvangs van enige voordele of inkomste vanaf die P[...] trust.
- [27] Mnr van Niekerk het daarop gewys dat wanneer oorweging geskenk word aan die R30 000-00 per maand wat eiseres vorder, dit in gedagte gehou moet word dat verweerder reeds in terme van die Reël 43-bevel R15 000-00 per maand betaal plus verdere betalings, die totaal waarvan ongeveer ook R30 000-00 beloop.
- [28] Mnr van Niekerk het betoog dat eiseres se uitgawes nie oordadig of spandabelrig is nie. Ek stem hiermee saam, veral gegewe die lewenstandaard waaraan sy gewoon was en die lewenstandaard wat verweerder tans steeds handhaaf. Teen daardie agtergrond is

dit 'n gebalanseerde lys van uitgawes. Dit is wel so dat indien ek sou gelas dat verweerder aan applikant 'n woning beskikbaar stel of aankoop, die huur-uitgawe van R10 000.00 op haar lys van uitgawes verval. Daarteenoor sal eiseres egter nou verplig wees om self die Mercedes se maandelikse paaiment ten bedrae van ongeveer R8000.00 te betaal, welke sy nie tot op hede gedoen het nie en nie by haar lys van uitgawes ingereken is nie.

- [29] Wat die termyn van onderhoud betref, het Mnr van Niekerk tereg daarop gewys dat daar geen getuienis is waarop ek kan bevind dat eiseres noodwendig binne die volgende drie of vyf of tien jaar, argumentsonthalwe, in staat sal wees om finansieel op haar eie voete te staan nie. Gegewe eiseres se beperkte verdienvermoë, stem ek hiermee saam. Dit moet ook in gedagte gehou word dat geen getuienis deur verweerder of namens verweerder aangebied is wat die bewerings van eiseres se beperkte verdienvermoë, weerlê nie. Onder hierdie omstandighede meen ek dat dit ook reg en billik sal wees indien verweerder gelas word om lewenslange onderhoud aan eiseres te betaal tot en met haar dood, hertroue of samewoning met 'n ander man. Indien daar intussen veranderde omstandighede sou opduik wat 'n wesenlike invloed op een of beide van die partye se finansiële posisie het, kan hierdie bedrag

steeds deur die Onderhoudshof gewysig word.

[30] Wat betref eiseres se vordering ten opsigte van 'n woning ten bedrae van R1.3 miljoen te Bloemfontein, het Mnr van Niekerk tereg daarop gewys dat Verweerder in wese, gegewe sy werkswyse met die trusts, oor drie huise in Vryburg beskik. Verweerder en Mev R[...] woon in 'n luukse woning, welke verweerder getuig het hy wil verkoop en 'n ander woning van ongeveer R1.3 miljoen aankoop. Teenoor laasgenoemde het eiseres tans geen heenkome wat huisvesting betref nie en het sy derhalwe beslis 'n onderhoudsbehoefte ten opsigte daarvan. Ek is verdermeer van oordeel dat sy, net soos verweerder, geregtig is om die sekuriteit van eiendomsreg te geniet.

[31] Eiseres se bede ten opsigte van die huisvesting soos uiteengesit in die besonderhede van vordering, versoek nie pertinent eiendomsreg van sodanige woning nie. Mnr van Niekerk het egter versoek en aan die hand gedoen dat indien nodig, hy sal aansoek doen vir 'n wysiging van die tersaaklike bede; alternatiewelik kan dit as alternatiewe regshulp gevorder word. In die verband het Mnr de Bruyn aangedui dat hy in beginsel nie 'n beswaar het teen die wysiging van die tersaaklike vordering van Eiseres in die

besonderhede van vordering nie. Mnr de Bruyn het egter beklemtoon dat in ag geneem moet word dat verweerder aangebied het dat hy die huis wat in die naam van die P[...] trust geregistreer is, sal verkoop en uit daardie opbrengs 'n deposito betaal op 'n gepaste woning vir eiseres, waarna hy dan sal voortgaan om die paaielemente te betaal totdat sy 'n polisuitbetaling ontvang, waarna sy verantwoordelik sal wees vir die betaling van die res van die koopsom.

- [32] Ek stem egter nie saam met Mnr de Bruyn se betoog dat dit 'n billike aanbod onder die omstandighede is nie. Wanneer die vereiste van gelykheid en regverdigheid in ag geneem word, is ek in die uitoefening van my diskresie van oordeel dat sy geregtig is op eiendomsreg van 'n eiendom van min of meer dieselfde waarde as die eiendom wat verweerder voornemens is om aan te koop nadat hy sy huidige huis verkoop het.

KOSTE:

- [33] Mnr van Niekerk het aan die hand gedoen dat indien eiseres suksesvol is met haar vordering vir onderhoud, sy reeds geregtig is op koste van die geding. Hoewel daar getuienis rondom sekere

onderhandelinge was waartydens verweerder sekere aanbiedinge sou gemaak het, is die detail daarvan nie tot my kennis nie en kan ek dit dus nie in ag neem nie. Mnr de Bruyn het tydens sy betoog van meet af aan toegegee dat indien 'n onderhoudsbevel toegestaan word, eiseres geag moet word die suksesvolle party te wees en behoort verweerder onder sodanige omstandighede gelas te word om die koste van die geding te betaal. Ek stem ook hiermee saam. Mnr van Niekerk het verder versoek dat die koste van die deskundige getuie spesifiek ook gespesifiseer en ingesluit word in sodanige kostebevel.

BEVEL:

[34] Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. 'n Bevel van egskeiding.
2. Verweerder word gelas om onderhoud aan eiseres te betaal en te verskaf op die volgende wyses en terme:
 - 2.1 Maandelikse onderhoud in die bedrag van R25 000.00 per maand, betaalbaar vanaf 30 Mei 2014 en daarna voor of op

die laaste dag van elke daaropvolgende maand, welke onderhoudsverpligting sal voortduur tot eiseres se dood, hertroue of samewoning met `n ander man, welke ookal eerste mag plaasvind, waarna die verpligting verval.

2.2 Dat verweerder aanspreeklik sal wees vir die betaling van eiseres se redelike mediese-, tandheelkundige-, oogkundige-, hospitalisasie- en aptekerskoste, welke onderhoudsverpligting sal voortduur tot eisers se dood, hertroue of samewoning met `n ander man, welke ookal eerste mag plaasvind, waarna die verpligting verval.

2.3 Dat verweerder gelas word om op aanvraag deur of namens eiseres die spesifieke bedrag geld beskikbaar stel ten einde `n spesifiek geïdentifiseerde en bepaalde woning van haar keuse teen `n vasgestelde koopprys vir en in die naam van eiseres aan te koop as haar uitsluitlike eiendom tot `n maksimum koste van R1 100 000.00 (een miljoen eenhonderd duisend rand), welke bedrag hereregte (indien enige) en oordragskoste ten opsigte van die eiendom insluit.

4. Verweerder word gelas om die koste van die geding te betaal, wat insluit die kwalifiserende fooie van die deskundige getuie van eiseres, Me. S. van Jaarsveld, ten opsigte van die konsultasie(s) met eiseres, die voorbereiding van haar verslag en haar hofverskyning.

C. VAN ZYL, R

Namens die Eiseres:

Mnr van Niekerk SC
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent:

Adv J P de Bruyn SC
In opdrag van:
Schoeman Maree Ing.
BLOEMFONTEIN